**Ontwikkeling in die verbond met Abraham**

**Gen 17:1-16**

**24 September 2023**

1. Konteks van die ontwikkeling in die Abramverbond in Gen 17
    a. Abram het die belofte van groot nageslag geglo, die Here het hom dit as geregtigheid toegereken (Gen 15)
    b. Abram sou nie die fisiese inname van die land beleef nie, maar sou in vrede sterf (Gen 15)
    c. Die Here neem die verantwoordelikheid – want Hy het alleen tussen die stukke diere deurbeweeg (Gen 15)
    d. Abram verwek 'n kind by Hagar – deel van sy fisiese nageslag, maar nie deel van sy ware nageslag nie (Gen 16)
2. Verder ontwikkelings in die verbond met Abram (Gen 17:1-16)
    a. Ontwikkeling 1: Leef voor My en wees onberispelik (Gen 17:1-2)
        - In Gen 15 was daar nie 'n verwagting oor Abram se lewe nie – nou wel
        - Abram moet nou soos Noag leef (Gen 6:9)
        - In Gen 16 het Abram nie onberispelik opgetree nie – wat nou?
        - Abram val op die grond (vgl Eseg 1:28, Op 1:17)
        - Aard van die verbond is steeds 'n genadeverbond (Rom 4:1-5) – maar toegerekende geregtigheid moet lei tot lewe in geregtigheid (vgl Jak 1:18)
    b. Ontwikkeling 2: Abram is vader van menigte nasies (Gen 17:4-6)
        - Verskeie nasies uit Abram se fisiese nageslag: Israel uit Isak, nasies uit Ismael (Gen 25:12-18), nasies uit Ketura se kinders (Gen 25:1-4)
        - Fokus is egter op 'n heilige nasie wat 'n koninkryk is – uit baie nasies (vgl Eks 19:5-6, 1 Pet 2:9)
    c. Ontwikkeling 3: Abramverbond is 'n ewige verbond (Gen 17:7)
        - Volle vervulling sal eers gebeur met wederkoms
    d. Ontwikkeling 4: Die Here sal vir Abram en sy nageslag 'n God wees (Gen 17:7-8)
        - Fokuspunt van die verbond met Abram
        - Alle opvolgende verbonde bou hierop: Sinaiverbond (Eks 19:4-6. Eks 20:2), Dawidverbond (2 Sam 7:14), nuwe verbond (Jer 31:33), volle vervulling (Op21:3)
    e. Ontwikkeling 5: Abraham en Sara ontvang nuwe name (Gen 17:5, 15)
        - Abram = verhewe vader, Abraham = vader van baie nasies
        - Fokus in OT is grotendeels op Israel, maar dit sal later uitbrei na alle nasies
        - Sarai, Sara = prinses, vorstin
        - Abraham en Sara word nuutgemaak met nuwe name – gelowiges ook (Op 2:17, 3:12)
    f. Ontwikkeling 6: Besnydenis as teken van die verbond (Gen 17:9-14)
3. Opsomming van die Abrahamverbond:
    a. Beloftes van nageslag en land word eers vervul met wederkoms
    b. Intussen gee die Here geregtigheid aan die wat glo, hulle sal in vrede sterf
    c. Maar hulle toegerekende geregtigheid moet sigbaar word in lewe van geregtigheid
    d. Ware nageslag van Abraham kom uit menigte nasies versamel oor lang periode
    e. Die Here sal die ware nageslag se God wees, en hulle sal Sy volke wees
    f. Die Here het die verantwoordelikheid op Homself geneem om dit te laat realiseer